

## Verkorte Presidentsrede by die vier-en-tagtigste gewone algemene vergadering van aandeelhouders

---

### Inleiding

Aan die begin van my tweede termyn as President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (die Bank) is ek bly en dankbaar om verslag te doen dat die meeste van die oogmerke wat in my eerste *Presidentsrede* uiteengesit is, gedurende die afgelope vyf jaar bereik is. Inflasie is ingekort tot algemeen aanvaarbare vlakke en inflasieverwagtings het afwaarts geneig. 'n Raamwerk vir monetêre beleid gegrond op inflasiemikpunte met 'n goed georganiseerde besluitnemingsproses is gevestig. Die deursigtige bepaling van monetêre beleid is aansienlik verbeter. Gesonde toesighouding oor banke in ooreenstemming met die beste internasionale gebruike is toegepas. Boonop is die interne administrasie van die Bank meer vaartbelyn gemaak.

Die Bank was die afgelope jaar weer op talle terreine suksesvol. Verreweg die grootste prestasie was die afname in die inflasiekoers tot binne die mikpuntgrense. Aansienlike vordering is ook met die hantering van die internasionale likiditeitsposisie gemaak. Nog mylpale was onder meer verbeterings aan die binnelandse likiditeitsbestuur, banktoesighoudingsgebruike en die nasionale betaalstelsel; die vordering wat gemaak is met die verbetering van die sekerheidseienskappe van banknote en die R5-munt; daadwerklike deelname aan pogings om groter ekonomiese samewerking in die streek te bewerkstellig; die inkorting van personeel- en bedryfskoste; die opleiding en onderrig van werknemers; die ontwikkeling van 'n doeltreffender en doelmatiger personeelbeleidsraamwerk; en die implementering van nuwe rekeningkundige voorskrifte in ooreenstemming met die beste internasionale gebruike.

### Internasionale ekonomiese ontwikkelings

Die prestasies van die Bank gedurende die afgelope jaar is behaal teen die agtergrond van 'n wêreld ekonomie wat besig was om te herstel van die matige resessie aan die begin van die dekade, en groei wat vanaf die tweede helfte van 2003 stukrag begin kry het. Terwyl dit voorkom asof die ekonomiese herstel in alle streke van die wêreld onderweg is, wissel die intensiteit van die groei van streek tot streek. Die oplewing was die opvallendste in Asië, veral Sjina, en in die Verenigde State van Amerika.

Die wêreldwye ekonomiese herstel het gepaard gegaan met 'n skerp styging in internasionale olie- en grondstofpryse. Aanvanklik het dit gelyk asof hierdie stygings in die produksiekoste van nywerheidslande in winsmarges opgeneem sou word. Sedert die begin van 2004 het wêreldwye inflasie effens begin versnel. Hierdie versnelling was egter vanaf lae vlakke. Die lae vlak van inflasie het die nywerheidslande in staat gestel om uitbreidende fiskale en monetêre beleid na te volg. In die eerste helfte van 2004 het sommige nywerheidslande begin om beleidsrigtings te volg wat ietwat minder uitbreidend was.

Internasionale finansiële marktoestande het in reaksie op die verslapping van monetêre en fiskale toestande en hoër batepryse sedert die begin van 2003 verbeter. Namate die herstel in die wêreld ekonomie goed gevestig geraak het, het die risiko's vir finansiële bestendigheid afgeneem. Daar is nietemin sekere risiko's wat noukeurig dopgehou moet

word, soos geopolitiese onsekerhede, hoë internasionale oliepryse, groot eksterne en fiskale wanbalanse, die stand van die banksektor in Asië en die toekomstige verloop van wisselkoerse.

## **Binnelandse ekonomiese ontwikkelings**

Die Suid-Afrikaanse ekonomie was sedert die vierde kwartaal van 1999 in 'n opwaartse fase van die konjunktuur. Dit is die langste tydperk van ekonomiese uitbreiding wat nog in die geskiedenis van die land aangeteken is. In 2003 het die groei in die binnelandse produksie egter verlangsaam, wat 'n weerspieëling was van 'n tydperk van weifelende groei in die wêreld ekonomie en 'n herstel in die wisselkoers van die rand. Groter besteding deur die owerheid aan infrastrukturele ontwikkeling, belastingvermindering, 'n verlaging in rentekoerse en die jaarlikse toenames in salarisse en lone het die binnelandse vraag aangewakker en het vanaf die begin van 2004 'n vinniger groeikoers in binnelandse produksie tot gevolg gehad. Hierdie versnelling in produksie was in al die vernaamste sektore van die ekonomie sigbaar.

Die gemiddelde toename teen 'n jaarkoers in die reële bruto binnelandse produk het gedurende die huidige opwaartse fase van die konjunktuur op 3 persent te staan gekom. Hoewel hierdie koers van toename meer was as die bevolkingsgroei en derhalwe tot 'n toename in die inkomste per capita van die land aanleiding gegee het, het dit gepaard gegaan met 'n afname in werkverskaffing. Enkele strukturele hindernisse hou steeds ernstige gevolge in vir die bereiking van die hoë groei wat nodig is om werkverskaffing te bevorder.

Die ekonomiese uitbreiding is aangehelp deur sterk groei in binnelandse besteding. Die gemiddelde toename in die finale binnelandse vraag in die huidige opwaartse fase van die konjunktuur het teen 'n jaarkoers op nagenoeg 4 persent te staan gekom. Die groeikoers in finale binnelandse besteding het aansienlik toegeneem van 3½ persent in die eerste helfte van 2003 tot 6 persent in die eerste helfte van 2004. Al die belangrikste bestedingsgrootthede het tot die versnelling in die binnelandse vraag bygedra, maar uit 'n ontwikkelingsoogpunt was veral die groei van 12 persent in die reële bruto binnelandse vaste kapitaalvorming van groot belang.

Namate die groei in die binnelandse besteding die groei in die binnelandse produksie oorskry het, het die lopende rekening van die betalingsbalans van 'n oorskotsaldo in 2002 tot 'n tekortsaldo in 2003 en in die eerste helfte van 2004 verander. Die toename in besteding het veral aanleiding gegee tot 'n skerp styging in die reële waarde van die invoer, terwyl die omvang van die uitvoer van goedere en dienste afgeneem het. Gelukkig het Suid-Afrika se ruilvoet met die res van die wêreld verbeter weens 'n aansienlike toename in internasionale grondstofpryse, met die gevolg dat die tekort op die lopende rekening in verhouding tot die bruto binnelandse produk op ongeveer 1 persent in 2003 en 2½ persent in die eerste helfte van 2004 te staan gekom het.

Hierdie tekort is goedgemaak deur 'n nog groter oorskot op die finansiële rekening van die betalingsbalans, wat veroorsaak het dat die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die land toegeneem het. Die meeste van die hoofbronne van kapitaal het tot hierdie finansiële invloeiing bygedra, met die grootste deel van buitelandse befondsing afkomstig vanaf handelsfinansiering, buitelandse banklenings en deposito's, portefeuljekapitaal en die oorname van sommige binnelandse maatskappye.

## Monetêre en finansiële ontwikkelings

Die monetêre en finansiële ontwikkelings is deur volgehoue sterk groei in die geldvoorraad gekenmerk. Die groei oor twaalf maande in die omvattend-gedefinieerde geldvoorraad (M3) het vanaf die begin van 2003 rondom 'n vlak van 12 persent gewissel, wat die toename in binnelandse besteding en betreklik laer rentekoersvlakke weerspieël het. Hoewel dit moeilik mag wees om hierdie groeivlakke met prysbestendigheid op die lang termyn te verbind, was hulle nietemin heelwat laer as die boonste draaipunt van die toename van 23,5 persent in M3 in Mei 2002. Die toename oor twaalf maande in die banke se totale lenings en voorskotte aan die binnelandse private sektor wat gedurende 2003 en die eerste kwartaal van 2004 tot 12 persent versnel en toe naastenby op hierdie vlak gebly het, het tot die groei in M3 bygedra. Die groei in die banke se totale lenings en voorskotte aan die private sektor het daarna ietwat tot 8,9 persent in Junie 2004 verlangsaam.

In ooreenstemming met die internasionale aandelemarkte het aandeelpryse op die JSE Sekuriteitebeurs SA sedert April 2003 begin herstel en tot aan die begin van Maart 2004 met 51,9 persent toegeneem. Deels vanweë 'n gebrek aan vertroue in die vermoë van maatskappye om verdienstegroei vol te hou, het die prysindeks van alle aandele daarna tot 31 Julie 2004 met 7,8 persent afgeneem.

Die pryse van langtermyn-effekte, wat sedert die begin van 1999 toegeneem het, het in 2003 bly styg. Dit is weerspieël in 'n afname in die opbrengskoers van die R153-staatseffek van 10,76 persent op 2 Januarie 2003 tot 8,83 persent op 17 Desember. Die groter aanbod van langtermyn-effekte in die mark en 'n wêreldwye styging in opbrengskoerse op langtermyn-effekte het daartoe bygedra dat die opbrengskoers van die R153-staatseffek op 15 Junie 2004 tot 10,26 persent gestyg het. Daarna het 'n beduidende verstewiging in die eksterne waarde van die rand die opbrengskoers van die R153-staatseffek tot 9,62 persent op 31 Julie 2004 verlaag.

## Openbare finansies

Die tekort voor lenings en skuldaflissing van die regering in verhouding tot die bruto binnelandse produk het in die fiskale jaar 2003/04 op 2,4 persent te staan gekom, vergeleke met 'n verhouding van 1,1 persent in die voorafgaande fiskale jaar. Hierdie toename in die tekort was 'n weerspieëling van die verandering na 'n ietwat meer uitbreidende fiskalebeleidstand wat die regering ingeneem het ten einde groter klem op infrastrukturele investering te plaas.

## Monetêre beleid

Soos reeds aangedui, was monetêre beleid gedurende die afgelope jaar uiters suksesvol as 'n dryfkrag vir die bereiking van groter prysbestendigheid. Die Monetêrebeleidskomitee (MBK) het die terugkoopkoers tussen Januarie en September 2002 in vier stappe met 400 basispunte tot 13,5 persent verhoog. Hierdie verhogings, tesame met 'n afname in voedselpryse en die herstel in die eksterne waarde van die rand, het die gewenste uitwerking gehad. VPIX-inflasie het van November 2002 tot September 2003 van 11,3 persent tot binne die mikpuntgrense gedaal. Gemeet oor twaalf maande, het die VPIX-inflasiekoers in Desember 2003 'n laagtepunt van 4,0 persent bereik voordat dit weer tot 5,0 persent in Junie 2004 gestyg het.

Hierdie resultate het ruimte gelaat vir 'n verandering in die monetêrebeleidstand. Die terugkoopkoers is gevolglik by vyf opeenvolgende vergaderings van die MBK tussen Junie en Desember 2003 met 'n totaal van 550 basispunte verlaag. Hierdie afwaartse beweging het die amptelike beleidskoers op 8 persent te staan gebring – die laagste vlak sedert 1980.

Die regverdiging vir die verlaging in die terugkoopkoers het op verskeie beweegredes berus. Die eerste en belangrikste rede was dat die VPIX-inflasie na verwagting vir die volgende twee jaar gemaklik binne die mikpuntgrense sou bly. Ten tweede het produksieprysinflasie aansienlik gedaal en sedert September 2003 negatief geword. Ten derde het die nominale effektiewe wisselkoers van die rand in 2003 met 16 persent toegeneem. Ten vierde het inflasieverwagtings aansienlik gedaal. Vyfdens het die internasionale oliepryse teen die boonste grens van die mikpuntgebied van die Organisasie van Petroleumuitvoerlande te staan gekom. In die sesde plek het die koers van toename in voedselpryse sedert die einde van 2002 tot betreklik lae vlakke in die tweede helfte van 2003 begin verlangsaam.

'n Aantal ander faktore het ook die MBK se besluit ondersteun om die monetêrebeleidstand te verslap. Dit het die volgehoue fiskale omsigtigheid, 'n betreklik bestendige algehele betalingsbalansposisie, geen tekens van aanbodbeperkings nie en die algemene gedempte wêreldinflasie ingesluit. Namate die inflasiekoers gedaal het en na verwagting nog verder sou daal, het dit ook beteken dat reële rentekoerse sou styg as die terugkoopkoers onveranderd bly.

Hoewel die inflasievoorsigte in die eerste helfte van 2004 gunstig gebly het, het die MBK die terugkoopkoers vanweë sekere opwaartse risiko's nie verander nie. Hierdie risiko's het die hoë vlak van loonskikkings wat beïnvloed is deur die hoë inflasie van 2002, die sterk binnelandse vraag na goedere en dienste, en die volgehoue groot toenames in geadministreerde pryse ingesluit.

Stygings in voedselpryse was tydens die vergadering in Februarie 2004 ook rede tot kommer, maar die vrees vir hoë voedselpryse het vervaag toe wydverspreide reën daarna uitgesak het. Teen April is die olieprys as 'n groot risikofaktor vir die bereiking van die inflasiemikpunt beskou omdat ruoliepryse skerp bly styg het.

Benewens hierdie ontwikkelings is daar ander risiko's wat die belowende inflasievoorsigte kan beïnvloed. Wêreldwyd is daar tekens dat die herstel in die wêreld ekonomie moontlik tot 'n algemene styging in rentekoerse kan lei, wat die rentekoersverskil tussen Suid-Afrika en die res van die wêreld kan verminder. Binnelands het die sterk vraagtoestande 'n uitwerking op die invoer wat bydra tot 'n groter tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans. Die volgehoue sterk koerse van toename in die nominale waarde van die arbeidseenheidskoste en die sterker neiging van die groei in die geldvoorraad word ook as moontlike bedreigings vir prysbestendigheid beskou.

Ondanks hierdie bekommernisse is daar voldoende gunstige faktore wat die MBK oortuig het dat die inflasiemikpunt in die algemeen gedurende die vooruitskattingstydperk behaal sal kan word. Hierdie faktore het die lae of negatiewe produksieprysinflasie, die lae wêreldinflasie, die lae vlakke van die benutting van produksievermoë, fiskale dissipline, groter beheersing van toenames in geadministreerde pryse, die sterk eksterne waarde van die rand en die algemeen laer inflasieverwagtings ingesluit. Hierdie ontwikkelings, tesame

met 'n toename van 7½ persent in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand vanaf 10 Junie tot 11 Augustus 2004, het aanleiding gegee tot die MBK se besluit om die terugkoopkoers vanaf 13 Augustus 2004 met 50 basispunte tot 7,5 persent per jaar te verlaag.

### **Toepassing van monetêre beleid**

Die uitstaande bedrag aan likiditeit wat by wyse van verpligte kontantreserwesaldo's en opemarktransaksies uit die mark onttrek is, is gedurende die afgelope jaar verder verminder. Hierdie uitstaande bedrag het tot 'n hoogtepunt van R80,4 miljard aan die einde van Augustus 2002 gestyg, hoofsaaklik vanweë die verliese wat op die oorverkoopte termynboek vir buitelandse betaalmiddele van die Bank gely is en die hulp wat verleen moes word toe sekere banke groot deposito-onttrekkings ervaar het. As gevolg van die terugbetaling van die lenings wat aan hierdie banke toegestaan is, die winste op die Bank se termynkontrakte in buitelandse betaalmiddele wat deur die verstewiging van die rand teenoor die VSA-dollar by die verstryking van die termyn ontstaan het, die volgehoue dreinerings van likiditeit deur die aflossing van staatseffekte met 'n kort uitstaande looptyd in die Bank se portefeulje van effekte, en die Bank se regstreekse verkope van effekte, is die uitstaande bedrag aan likiditeit wat uit die mark onttrek is aan die einde van Desember 2003 tot R25,8 miljard verminder, voordat dit teen die einde van Julie 2004 weer tot R42,3 miljard toegeneem het.

Hierdie vermindering in die bedrag aan likiditeit wat die Bank uit die geldmark moes dreineer, het die Bank groter beweegruimte gebied om te besluit watter instrumente vir likiditeitsbestuur gebruik behoort te word. Likiditeit word nou slegs uit die mark onttrek deur middel van langertermyn omgekeerde terugkooptransaksies, die uitreiking van Reserwebank-skuldbriewe en regstreekse verkope van staatseffekte wat deur die Bank besit word.

### **Buitelandse valutareserwes**

Die eksterne waarde van die rand word in wese deur die aanbod en die vraag in die mark vir buitelandse betaalmiddele bepaal. Die Bank het egter sedert die begin van 2003 tot 31 Julie 2004 dollars ten bedrae van VSA\$10,4 miljard in die mark aangekoop met die oog daarop om die buitelandse valutareserwes te verhoog. As gevolg van hierdie beleid en deur die verkryging van die opbrengs wat uit die regering se program vir buitelandse lenings gespruit het, is die negatiewe netto oop posisie in buitelandse betaalmiddele in Mei 2003 uitgewis en is die oorverkoopte termynboek vir buitelandse betaalmiddele in Februarie 2004 afgesluit. Hierdie beleid het ook tot 'n toename in die amptelike bruto goud- en ander buitelandse reserves vanaf VSA\$7,8 miljard teen die einde van Desember 2002 tot VSA\$11,8 miljard teen die einde van Julie 2004 gelei, terwyl die buitelandse lenings wat met die reserves verband hou gedurende hierdie tydperk effens toegeneem het.

Die volgehoue en wydverspreide kragteloosheid van die VSA-dollar in die internasionale valutamarkte was een van die vernaamste faktore wat veroorsaak het dat die rand op 'n handelsgeweege grondslag met 16 persent in 2003 en met 9 persent in die eerste sewe maande van 2004 toegeneem het. Die eksterne waarde van die rand is ook deur verskeie ander faktore aangehelp, met inbegrip van groter prysbestendigheid, die stygende pryse van edelmetale en ander grondstowwe, betreklik hoër binnelandse rentekoerse as dié van nywerheidslande, die verwydering van strukturele belemmerings uit die mark vir buitelandse betaalmiddele en die algemene verbetering van die internasionale gewaarwording van die struktuuraspekte van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

## Finansiële bestendigheid

Die sukses wat met die bereiking van prysbestendigheid behaal is, is in 'n groot mate van die bestendigheid van die finansiële sektor afhanklik. Die Bank het vier algemene funksies vir die handhawing van bestendige toestande in finansiële instellings en markte, te wete:

1. Om 'n voldoende voorraad banknote en munte van hoë gehalte te voorsien.
2. Om die algehele doeltreffendheid en integriteit van die nasionale betaalstelsel te verseker.
3. Om die welstand van banke te bevorder deur die doeltreffende toepassing van internasionaal aanvaarde beheer- en toesighoudingstandaarde.
4. Om potensiële bedreigings vir en swakhede in die finansiële stelsel in die geheel uit te wys en te ontleed waar dit banke kan raak en monetêre beleidsdoeltreffendheid verminder.

### 1. Geld in omloop

'n Ekonomie kan slegs vlot funksioneer as daar 'n voldoende voorraad binnelandse betaalmiddele van hoë gehalte beskikbaar is. Gedurende die afgelope jaar het die Bank weer eens aan al die verspreidings- en omloopvereistes van banke en die kontantbedryf voldoen. Die bestaande reeks banknote is reeds sedert 1992 in gebruik en dit veroorsaak dat hulle makliker vervals kan word. Die sekerheidseienskappe van die banknote word derhalwe opgeknip om vervalsing te ontmoedig. 'n Nuwe R5-munt is geslaan om groter beskerming teen vervalsing te verseker. Boonop is 'n veldtog van stapel laat loop om die openbare bewustheid van en die waaksaamheid teen vervalsings op te skerp.

### 2. Nasionale betaalstelsel

'n Verdere belangrike voorvereiste vir finansiële bestendigheid is 'n doeltreffende betaalstelsel wat die vloei van fondse tussen partye vergemaklik. Gedurende die afgelope vyf jaar is talle verbeterings aan die stelsel aangebring met die doel om risiko's te verminder. Gedurende die 2003/04 finansiële jaar is 'n aangepaste kosteverhalingsmodel in werking gestel om die volle koste verbonde aan die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse veelvuldigekeuse-vereffeningstelsel (algemeen bekend as die SAMOS-stelsel) te verhaal binne die jaar waarin dit aangegaan is. Aansienlike vordering is ook gemaak met die insluiting van die rand as 'n vereffeningsmiddel in die deurlopend geskakelde vereffeningstelsel (algemeen bekend as die CLS-stelsel), en die opstelling van die wysigingswetsontwerp op die nasionale betaalstelsel is afgehandel.

### 3. Bankregulering

'n Belangrike ontwikkeling op die gebied van bankregulering was die afhandeling van die nuwe kapitaalvoorskrif vir banke (Basel II) in Junie 2004. Daar is onder andere besluit dat die eenvoudiger metodes vir die meting van bankrisiko's van die einde van 2006 toegepas moet word. Die gevorderde metodes vir die meting van risiko sal eers na die einde van 2007 in werking gestel word nadat 'n verdere ontleding van die uitwerking van die wysigings afgehandel is. Hierdie besluit is in ooreenstemming met

die voorgenome toepassing van Basel II in Suid-Afrika wat deur die Bank aanvaar is en in Februarie 2004 aan alle belangegroepes bekend gemaak is. Die Bank het 'n oorlegplegingstruktuur op die been gebring om te verseker dat elke faset van die implementering van Basel II sorgvuldig ontleed word.

Die Bank en die Nasionale Tesourie werk saam aan verskeie inisiatiewe om die risikobestuursvermoë van die bankstelsel verder te verstewig en ondersteun inisiatiewe om toegang tot bankdienste te verbreed.

#### 4. Bestendigheid van die banksektor

Die Suid-Afrikaanse bankstelsel is gesond. Die onstuimigheid van 2002 is betreklik gou tot bedaring gebring, maar het aanleiding gegee tot 'n konsolidering van bedrywighede en 'n onwilligheid onder deposante om fondse aan kleiner banke toe te vertrou. Vanaf April 2003 het deposito's egter stadig na die kleiner banke begin terugvloei namate vertroue in hul lewensvatbaarheid begin verbeter het.

Banke beskik oor voldoende kapitaal en likiditeit. Banke word steeds goed bestuur en die doeltreffendheidsverhouding, die opbrengs op eienaarsbelang en die verdienste op bates het gedurende die afgelope twaalf maande verbeter. Die totale bates van die banke het toegeneem, maar die gehalte van die bates het ook verbeter. Nie-presterende lenings het van R25 miljard teen die einde van Junie 2003 tot R21 miljard teen die einde van Junie 2004 afgeneem.

Wyer aanwysers van kredietrisiko dui ook daarop dat die Suid-Afrikaanse banksektor gesond is. Die groei oor twaalf maande in die verlening van bankkrediet aan die maatskappysektor het betekenisvol van 14½ persent in Junie 2003 tot 2½ persent in Junie 2004 afgeneem. Ofskoon huishoudings se skuld as 'n persentasie van huishoudings se besteebare inkomste van 50,7 persent in die vierde kwartaal van 2002 tot 54,3 persent in die tweede kwartaal van 2004 toegeneem het, is die vlak van hierdie verhouding nog steeds laag vergeleke met die vlakke wat in die jare negentig aangeteken is.

### Ekonomiese samewerking in streeksverband

Die Bank het gedurende die afgelope jaar weer heelwat aandag geskenk aan die bevordering van ekonomiese samewerking in Afrika, veral in Suider-Afrika. Die sukses van die Nuwe Vennootskap vir Afrika se Ontwikkeling (algemeen bekend as Nepad) in die soeke na oplossings vir Afrika se ekonomiese, politieke en maatskaplike probleme is uiters belangrik om buitelandse beleggings na die kontinent te lok. 'n Daadwerklike poging is nodig vir die omkeer van die dalende vlakke van besparing en investering in verskeie lande in Afrika, om handel binne streke te bevorder en om streeksgebonde ekonomiese gemeenskappe in mededingende markte te ontwikkel. In Suider-Afrika het die Bank by die verskillende bedrywighede van streekstrukture betrokke gebly.

### Interne administrasie

In die interne administrasie van die Bank is voortdurend klem geplaas op die vermindering van koste sonder verlies aan doeltreffendheid. Gevolglik is die Bank se personeelgetalle van 2 338 op 31 Augustus 2002 tot 2 007 op 30 Junie 2004 verminder.

Sorgvuldige beheer het die groei in ander bedryfsbesteding tot slegs 6½ persent in die 2003/04 finansiële jaar beperk as die koste verbonde aan die uitreiking van nuwe banknote en munte nie in berekening gebring word nie.

Ondanks die afname in personeelgetalle het die Bank daarin geslaag om te vorder met die bereiking van die einddoel van 'n arbeidsmag wat op alle vlakke van senioriteit die demografiese en geslagsamestelling van die Suid-Afrikaanse bevolking weerspieël. Teen die einde van Junie 2004 het die totale arbeidsmag uit 54,1 persent swart werkers en 45,6 persent vroue bestaan, 'n aansienlike verbetering op die getalle van vyf jaar gelede. Die Bank gaan voort om die ontwikkeling van sy werknemers as 'n belangrike verantwoordelikheid te beskou. Heelwat tyd en geld word elke jaar in die onderrig en opleiding van personeel belê.

Voortvloeiend uit die beklemtoning van kostebestuur en billike indiensneming is 'n werkgroep op die been gebring om die Bank se *Personeelhandleiding* en personeelverwante beleidsriglyne te hersien. As 'n element van die herstrukturering van die Bank is dit nodig om die personeelbeleid te moderniseer en in ooreenstemming met algemene gebruike in die mark te bring. Op die gebied van die inligtings- en kommunikasietegnologie is verskeie inisiatiewe van stapel laat loop wat tot laer koste, beter beveiliging en groter doeltreffendheid behoort te lei.

Ander belangrike administratiewe ontwikkelings het ingesluit die voldoening aan die nuwe Suid-Afrikaanse standpunt oor algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, Standpunt RE133, en die afhandeling van die memorandum van verstandhouding tussen die Nasionale Tesourie en die Bank, wat 'n raamwerk daarstel vir 'n proses van oorlegpleging oor die makro-ekonomie, bankwese, en finansiële en regulatoriese kwelpunte.

## Slotsom

Ten slotte moet benadruk word dat dit van die uiterste belang is dat die huidige betreklik lae inflasiekoerse in die komende jare gehandhaaf moet word sodat inflasieverwagtings 'n ondergeskikte faktor in die beplanning van sakeondernemings en huishoudings word. As dit bereik kan word, sal ons uiteindelik daarin geslaag het om prysbestendigheid tot stand te bring. Prysbestendigheid is 'n voorvereiste om die volle groeivermoë van die ekonomie te bereik, maar dit gebeur nie vanselfsprekend nie. Hoë werkskeppende groei kan slegs bewerkstellig word as prysbestendigheid tot hoër binnelandse besparing en kapitaalvorming lei en 'n belangrike oorweging word in die besluite van buitelandse beleggers om nuwe ondernemings in Suid-Afrika te vestig.

In die jare wat voorlê, sal die Bank na nog groter uitnemendheid bly streef. Die dryfkrag van monetêre beleid sal die handhawing van prysbestendigheid bly, terwyl markgerigte werkswyse gebruik sal word om binnelandse en internasionale likiditeit te bestuur. Gesonde banktoesighouding gegrond op die beste internasionale gebruike sal gevolg word terwyl risiko's in die wyer finansiële sektor noulettend dopgehou sal word. Groot klem sal ook geplaas word op die onderrig en verdere ontwikkeling van menslike hulpbronne.